

# St. Arsenius

## 19 Julie

(sterf 449)

Hy was ‘n Romein van geboorte en stam uit die senatorsklas. Hy word diaken gewy en is beskou as een van die bes opgevoede mense van sy tyd. Pous Damasus beveel hom aan as leermeester vir die keiser se kinders. Nà tien jaar van eretitels en roem en geld het hy egter genoeg gehad. Hy gee alles weg en gaan woon in die Egiptiese woestyn. Daar wy hy hom in algehele stilte toe aan gebed en daar vind hy uiteindelik rus vir sy siel. Hy was lief om te sê: *“Van die Griekse en Latynse wysheid weet ek baie, maar as dit kom by heiligheid moet ek nog eers die alfabet onder die knie kry.”*

© Die Oratorium Uitgewery